# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

20c — Tuesday 17 July 1979 — WINDHOEK — Dinsdag 17 Julie 1979 — No. 3997


CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICE:**


No. AG. 66 Amendment of the Regulations Made Under the Aviation Act, 1962 — 1


INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:**


No. AG. 66 Wysiging van die Regulasies Uitgevaardig Kragtens die Lugvaartwet, 1962 — 1


## Government Notice

office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 66 1979

AMENDMENT OF THE REGULATIONS MADE UNDER THE AVIATION ACT, 1962

The Administrator-General has, in terms of section 22 of the Aviation Act, 1962 (Act 74 of 1962), made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

*Amendment of Annexure A of the regulations published by Government Notice R.1753 of 1975, as amended by Government Notices R.829 of 1977 and R.2202 of 1978*

Annexure A of the Rules of the Air, Air Traffic Services, Search and Rescue and Overflight Regulations published by Government Notice R.1753 of 19 September 1975 is hereby amended by the addition of the following paragraph:

"A. 10. The undermentioned area is hereby declared a restricted area and no peson shall with any civil aircraft —

## Goewermentskennisgewing

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 66 1979

WYSIGING VAN DIE REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE LUGVAARTWET, 1962

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 22 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet 74 van 1962), die regulasies uitgevaardig wat in die Bylae vervat is.

BYLAE

*Wysiging van Aanhangsel A van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1753 van 1975, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R.829 van 1977 en R.2202 van 1978*

Aanhangsel A van die Vliegreëls-, Lugverkeersdienste-, Soek-en-Redding- en Oorvlugregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1753 van 19 September 1975 word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by te voeg:

"A. 10. Ondergenoemde gebied word hierby tot beperkte gebied verklaar en niemand mag met 'n burgerlike lugvaartuig —

(a) enter the area without submitting a flight plan to, and without obtaining the explicit authorisation of, the Commanding Officer of the Air Force at Windhoek or at Mpacha;

(b) take off in the area without submitting a flight plan to, and previously being cleared by, the Commanding Officer the Air Force at Grootfontein, Ondangwa, Rundu or Mpacha;

(c) fly in the area unless two-way radio communication is established and continuously maintained with the air traffic control centre at Grootfontein, Ondangwa, Rundu, Mpacha or any other centre, as the Commanding Officer the Air Force may direct: Provided that in the case of interruption radio communication or in the absence of any radio communication the flight may be proceeded with in accordance with the flight plan on condition that in the case of the absence of radio communication a continuous listening watch shall be kept on the designated frequency;

(d) unless otherwise directed and except for purposes of landing or take-off, fly in the area at a height of less than 3 000 feet above ground level;

(e) unless otherwise directed, fly in the area between the hours 18h00 en 06h00, South African time.

*South West Africa restricted area* — The area extending over the northern part of South West Africa and bounded by the following lines —

From the Kunene rivier-mouth eastwards along the international boundary between South West Africa and Angola and Zambia to Kazangula;

thence westwards and southwards along the international boundary between South West Africa and Botswana to a point at Lat. 18°30'S Long. 21°00'E;

thence in a straight line westwards to a point at Lat. 18°30'S Long. 14°32'E;

thence in a straight line south-westwards to a point at Lat. 19°28'S Long. 12°45' (Hoanib river-mouth);

thence northwards along the coastline to the starting point at the Kunene river-mouth.".

(a) die gebied binnegaan sonder dat 'n vlugplan ingedien is by, en sonder dat die uitdruklike magtiging van, die Lugmagbevelvoerder te Windhoek of Mpacha verkry is nie;

(b) in die gebied opstyg sonder dat 'n vlugplan ingedien is by, en deur, die Lugmagbevelvoerder te Grootfontein, Ondangwa, Rundu of Mpacha vooraf geklaar is nie;

(c) in die gebied vlieg nie, tensy tweerigtingradioverbinding met die lugverkeersdienstesentrum te Grootfontein, Ondangwa, Rundu, Mpacha of enige ander sentrum, soos deur die Lugmagbevelvoerder gelas, op die aangewese radiofrekwensie bewerkstellig is en deurlopend gehandhaaf word nie: Met dien verstande dat in die geval van radio-onderbreking of gebrek aan radioverbinding daar met die vlug volgens die vlugplan voortgegaan mag word op voorwaarde dat in die geval van 'n gebrek aan radioverbinding daar deurlopend op die aangewese frekwensie uitgeluister moet word;

(d) tensy anders gelas en behalwe soos nodig vir landing en opstyging, in die gebied op 'n hoogte van minder as 3 000 voet bo die oppervlak vlieg nie;

(e) tensy anders gelas, tussen die ure 18h00 en 06h00, Suid-Afrikaanse tyd, binne die gebied vlieg nie.

*Suidwes-Afrika beperkte gebied* — Die gebied wat die noordelike gedeelte van Suidwes-Afrika beslaan en deur die volgende lyne begrens word —

Vanaf die Kuneneriviermond ooswaarts met die internasionale grens tussen Suidwes-Afrika en Angola en Zambië langs tot by Kazangula;

daarvandaan weswaarts en suidwaarts met die internasionale grens tussen Suidwes-Afrika en Botswana langs tot by 'n punt by S.B. 18°30' O.L. 21°00';

daarvandaan in 'n reguit lyn weswaarts tot by 'n punt by S.B. 18°30' O.L. 14°32';

daarvandaan in 'n reguit lyn suidweswaarts tot by 'n punt by S.B. 19°28' O.L. 12°45' (Hoanibriviermond);

daarvandaan noordwaarts met die kuslyn langs tot by die beginpunt by die Kuneneriviermond.".

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika